M. DAVID, *Een nieuw-ontdekte Babylonische wet uit de tijd vóór Hammurabi* (Uitgaven vanwege de stichting voor niet-westers recht, No. 3), E. J. Brill, Leiden, 1949, 28 pp.

Na die belangrike mededelings wat B. GEMSER in die vorige aflewering van ons tydskrif (p. 57-61), mede op grond van bogenoemde geskrif van M. DAVID, omtrent die wet van Eshnunna gedoen het, is dit nie nodig om hierdie kort studie van David uitvoerig by ons lesers in te lei nie. Die verhandeling, wat uitmunt deur helderheid en saaklikheid, laat ons met verlange uitsien na die uitgebreidere studie, van die hand van David en Goetze, wat die skrywer hier reeds aankondig. Daarin sal behalwe die regshistoriese, wat meer spesiaal die terrein van David se ondersoekings is, ook die filologiese kant van hierdie teks belig word. Ondertussen is ons egter reeds dankbaar vir die voorlopige behandeling van die hand van die skrywer; ons lesers sal veral die

vergelyking van die reg van Eshnunna met dié van die O.T. waardeer.

Ook in hierdie geskrif, soos in baie ander van sy hand toon DAVID 'n gesonde terughouding ten aansien van veronderstelde „invloede" van die Babiloniese op die Bybelse reg. Telkens wys hy op die verskille in struktuur, ook by skynbare ooreenkoms; hy voer dit terug op die verskille in die maatskaplike en ekonomiese agtergrond. Met GEMSER is ook die resensent geneig om te vra, of die religieuse tradisies en die wêreldbeskouing van Israel nie 'n beslissende rol by die uitbou van die reg gespeel het nie. Maar wellig is dit nog te vroeg om hierdie vrae te beantwoord. Dit kan eers onderneem word as ons 'n deeglike kennis het van die buiten-Bybelse kontemporêre regsisteme. Sonder daardie vergelykingsmateriaal is dit onmoontlik om dié eiesoortige in die Israelitiese reg vas te stel en te waardeer. Die werk van die Leidse regshistorikus dra veel tot dit alles by, en die teoloë is hom daarvoor baie dank verskuldig.

Een opmerking nog. Die skrywer noem die wet, wat hy behandel, „de nu gevonden wet", „de nieuw gevonden wet uit Eshnunna", ens. Al is die resensent geen regshistorikus nie, wil hy tog die opmerking waag dat dit gebruiklik is om 'n wet te noem na die persoon, kragtens wie se outoriteit dit gepromulgeer is. So praat ons van die codex Justiniani, die code Napoléon, die codex van Hammurabi. Waarom sou ons dan die wet van die stad Eshnunna nie noem na die naam van die koning, onder wie dit uitgevaardig is nie? Dan kan ons in die toekoms praat van die codex Bilalama, by afkorting C.B., in onderskeid van die codex Hammurabi (C.H.) en die codex van Lipit-Ishtar (C.L.).

A. VAN SELMS.

## ONTVANGE BOEKE.

K. ELLIGER, *Das Buch der zwölf kleinen Propheten* II (Nahum-Maleachi). Das Alte Testament Deutsch, Teilband 25. Vandenhoeck und Ruprecht, Göttingen, 1950.

W. F. GOLTERMANN, *Geloof en geschiedenis*, J. H. de Bussy, Amsterdam, 1948.

G. VAN DER LEEUW, *Sacramentstheologie*, G. F. Callenbach N.V., Nijkerk, 1948.

E. HIRSCH, *Geschichte der neueren evangelischen Theologie*. Bertelmann Verlag, Gütersloh. Erste und zweite Lieferung, 1949.

O. PROCKSCH, *Thelogie des Alten Testaments*. C. Bertelsmann Verlag, Gütersloh, Erste und zweite Lieferung, 1949.

H. VELDKAMP, *De boer uit Tekoa*. Over het boek Amos. T. Wever, Franeker, Tweede druk.

TH. C. VRIEZEN, *Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament*. H. Veenman en Zonen, Wageningen, 1950.

A. WEISER, *Einleitung in das Alte Testament*. Vandenhoeck und Ruprecht, Göttingen, 2 neubearbeitete Auflage, 1949.